

DIE VOORSTELLING VAN MARIA

21 NOVEMBER



Volgens die sogenaamde Proto-Ewangelië van Jakobus is die Maagd Maria as kind in die Tempel in Jerusalem opgedra as teken van haar beskikbaar wees vir God. Hierdie vroom legende is nie in die Heilige Skrif gegrond nie, maar dui tog op 'n belangrike feit. In werklikheid het Maria haarself beskikbaar gestel vir God se werking soos geen ander mens in die geskiedenis dit ooit gedoen het nie. Toe die engel haar die boodskap bring het sy al ander planne met haar lewe gehad. Sy sou die vrou word van die dorp se timmerman, 'n man van goeie aansien. Onverwags is sy voor 'n moeilike keuse geplaas. In geloof het sy egter geantwoord: *“Laat dit met my gaan volgens u woord.”*